

# saam-praat-papier

18 Mei 2014

## *GOEIE NUUS WANNEER ONS PLANNE NIE UITWERK NIE*

2Sa 7:1-21 Toe koning Dawid in sy eie huis woon, nadat die Here hom rus gegee het van al sy
vyande in die omgewing, (2) sê hy vir die profeet Natan: “Kyk, ek woon in 'n huis wat met
sederhout versier is, maar die ark van God staan in 'n tent.” (3) Natan het die koning
geantwoord: “Doen gerus alles wat u in gedagte het. Die Here is by u.” (4) Dieselfde nag het
daar egter iets gebeur: die woord van die Here het tot Natan gekom en vir hom gesê: (5)
“Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My 'n huis bou om in te woon? (6)
Vandat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in 'n huis
gewoon nie. Ek het in tent en tabernakel rondgeswerf (7) saam met al die Israeliete. Het Ek
ooit vir een van die stamme wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te
neem, gesê: ‘Waarom bou julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?’ (8) Nou
moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld
agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. (9) Oral waar jy gegaan het, was
Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die
grotes op die aarde. (10) Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig,
sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos
voorheen (11) toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al jou
vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. (12) Wanneer jy
te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning
maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. (13) Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek
sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. (14) Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir
My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. (15)
Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te
maak nie. (16) Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd
voortbestaan.” (17) Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid
oorgedra. (18) Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: “Wie is
ek, Here my God, en wie is my nageslag dat U my só ver gebring het? (19) Selfs dít was vir U
nog nie genoeg nie, Here: U het ook nog vir die nageslag van u dienaar tot in die verre
toekoms beloftes gemaak. Wat 'n toesegging aan 'n mens, Here my God! (20) Wat sou ek,
Dawid, nog verder vir U kon sê? U ken immers u dienaar, Here. (21) U het hierdie groot
ding gedoen omdat dit u besluit en wil was en boonop het U dit nog aan u dienaar bekend
gemaak.

God is Koning en Hy wil deur ons Sy plan volvoer....
Soms ontdek ons dat ons plan nie God se plan nie

1 DAWID HET GROOT PLAN GEHAD

2 SOMS Sê GOD NEE VIR ONS PLAN

3 GOD HET ‘N BETER PLAN

4 ONS REAKSIE OP GOD SE NEE

SAAM-PRAAT:



1 Vertel watter rol planne-maak in jou en jou gesin se lewe speel

2 Hoe kan God 'n groter rol in ons planne-maak speel?